Gee Jouself

GOD IS 'N GOD WAT GEE

"Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy enigste Seun **gegee** het ..."
JOH 3:16

"Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: 'Dit is my liggaam wat vir julle **gegee** word.'"
LUK 22:19

"As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees **gee** vir dié wat vra."
LUK 11:13

Hierdie God wat gee, wil ook hê dat ons mense sal wees wat gee, want dit is waarvoor ons gemaak is. God weet dat dit ons gelukkiger maak om te gee as om te ontvang (Handelinge 20:35).

Bid en dink na oor hoe en wat jy vir God wil gee in hierdie jaar.

Maniere van gee

1. Gee jou tyd en teenwoordigheid

Jou tyd en teenwoordigheid is die kosbaarste geskenk wat jy vir enige iemand kan gee.

Bid en dink oor hoe jy vanjaar jou tyd wil benut.

Miskien wil jy 'n uur van jou week gee om byvoorbeeld:

- Huiswerk te doen saam met 'n kind in Durbanville Kinderhuis
- 'n Senior burger te besoek by 'n aftreeoord
- 'n Vrywillige diens te lewer in ons gemeente

2. Gee jou gawes, talente en vaardighede

Elke lid van die liggaam van Christus het besondere gawes en talente van God ontvang. Ons is geseënd dat ons 'n gemeente is waarin daar mense met baie bekwaamhede en vaardighede is.

Bid en dink oor hoe jy jou gawes, talente en vaardighede kan gebruik tot opbou van die gemeente en tot diens in die wêreld.

3. Gee jou geld en hulpbronne

Alles wat ons is en alles wat ons het, kom van God af. Dit is alles genade. Ons is geseënd as ons weet hoe afhanklik ons van God is.

Om 'n persentasie van jou geld of hulpbronne weg te gee vir die kerk en vir diens in die wêreld, is 'n geloofsdissipline wat jou help om hierdie waarheid voor oë te hou.

Vaste betalings, soos byvoorbeeld deur debietorders, help die gemeente om meer akkuraat te begroot. Dit help ook die gemeente met 'n meer stabiele kontantvloei.

Bid en dink oor watter aandeel van jou geld of hulpbronne jy vanjaar wil gee.

Verbintenis

Ek sal graag my **tyd en teenwoordigheid** as volg wil aanbied:

_____

Ek het hierdie **gawes, talente en vaardighede** wat ek graag wil aanbied:

_____

Ek sal **materieel** wil bydrae op die volgende manier:

- ☐ maandelikse debietorder
- ☐ maandelikse EFT skeduleer
- ☐ jaarlikse EFT
- ☐ ad hoc EFT
- ☐ kollekte of koevert
- ☐ snapscan
- ☐ testament bemaking
- ☐ bydrae vir 'n spesifieke doel

Enige ander **hulpbronne** wat ek wil aanbied:

_____

Naam en van: _____

Kontaknommer: _____

E-pos adres: _____